HOËRSKOOL
TYGERBERG
HIGH SCHOOL

6 November 2023

Geagte Ouer(s)

SKOOLFONDS 2024

Die skoolfonds vir 2024 is tydens die onlangse begrotingsvergadering, gehou op 26 Oktober 2023, deur die meerderheid van die ouers en voogde goedgekeur.

Openbare skoolfondse is 'n statutêre verpligting ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, nr. 84 van 1996 (soos gewysig), wat jaarliks vooruitbetaalbaar is, aan die begin van elke skooljaar en sodanige betaling is verpligtend, tensy ouers vrystelling of gedeeltelike vrystelling van skoolfonds toegestaan is.

Ongeag huwelikstatus of egskeidingsooreenkomste, is albei ouers gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van skoolfonds. Enige egskeidingsbevel is tussen betrokke partye bindend (inter partes) op die partye daartoe verbind en beïnvloed nie die ouers se aanspreeklikheid teenoor skoolfonds nie.

In 'n poging om die finansiële las op ouers te probeer verlig, is die skool egter bereid om afbetaling op ‘n maandeliks basis toe te laat. Hierdie vergunning aan ouers verander op geen manier die feit dat die betaling van skoolfonds 'n statutêre plig is nie en nie 'n vrywillige ooreenkoms nie, veral nie 'n kredietooreenkoms nie, soos omskryf in terme van die Nasionale Kredietwet nie.

Aanhangsel A moet deur elke ouer voltooi word en saam met die leerder terug gestuur word skool toe of by ontvangs ingehandig word.

Die betalingsbesonderhede word as volg vir u kennisname uiteengesit:

1. SKOOLFONDS: R 31 500 per leerder per jaar

Die skoolfonds vir 2024 beloop **R 31 500 per leerder per jaar**, betaalbaar as volg:

a) Verpligte Betaling: R 1 500 per leerder per jaar (Alle leerders)

- Verpligte betaling van **R1 500** per leerder per jaar vir alle leerders moet gemaak word **voor 7 Januarie 2024**. Sodanige betaling kan in kontant wees, internetbetaling, direkte deposito of per debietorder.

b) Eenmalige Vooruitbetaling : R 31 500 per leerder per jaar:

- Ouers is welkom om die skoolfonds vir 2024 vooruit te betaal voor 28 Februarie 2024. Geen afslag sal gegee word vir die vooruitbetaling van skoolfonds vir 2024 nie, maar die skool is dankbaar teenoor die ouers wat hierdie betaalmetode sou uitoefen.

Fairfieldstraat-Noord, Parow, 7500 | Kaapstad | Cape Town | Fairfield Street North, Parow, 7500
T. 021-939-2023 | **F.** 021-930-6833 | **E.** info@hstygerberg.co.za
W. www.hstygerberg.co.za | **Facebook:** www.facebook.com/hstygerberg

c) Maandelikse Debietorderbetalings : R 31 500 per leerder per jaar:

- **R 3 000** per maand vanaf Februarie 2024 tot November 2024 (10 maande).
  (**R 1 500 reeds betaal teen 7 Januarie 2024**).
- Betalings is maandeliks vooruitbetaalbaar voor die sewende (7de) van elke maand.
- Debietordervorms is by die skool verkrygbaar.
- Die verpligte betaling van R 1 500 vir Januarie 2024 sal deur middel van 'n debietorder verhaal word vir ouers wat reeds per debietorder betaal. Nuwe inskrywings is verantwoordelik om self die R 1 500 teen 7 Januarie 2024 te betaal.
  LET WEL:
- Die dag in Januarie waarop die R 1 500 debietorder van u rekening verhaal word, sal dieselfde dag wees waarop u die skool versoek het om die normale maandelikse skoolfondsdebietorder te verhaal.
- Alle nuwe aansoeke vir debietorderbetalings moet voor die 15de van elke maand vir die volgende maand gedoen word. Die verpligte R 1 500 moet self deur die nuwe ouers en die ouers wat eers vanaf Januarie 2024 aansoek doen vir debietorderbetalings, inbetaal word.
- Huidige debietorders sal outomaties aangepas word om vir verhogings en/of aantal kinders voorsiening te maak, tensy 'n skriftelike opdrag vanaf die ouer(s) ontvang word om dit te verander.
- Indien u debietorder in die vorige skooljaar gekanselleer is, is dit u verantwoordelikheid om die skool te versoek om die debietorder weer in te stel.
- Debietorders wat vir 'n tweede maal as onbetaald teruggestuur word, sal deur die skool gekanselleer word en die ouers sal in kennis gestel word dat hulle self die maandelikse betaling moet doen. Ouers sal verder aanspreeklik wees vir enige bankkostes en/of boetes wat gehef mag word deur die bank weens die terugstuur van die debietorder en sodanige kostes sal by die betrokke leerder skoolfonds gevoeg word.
- Enige veranderinge aan 'n debietorder of versoeke om 'n debietorder te kanselleer moet die skool voor die 19de van die vorige maand bereik.
- Debietorders met verhalingsdatums wat op 'n naweek of 'n publieke vakansiedag val sal verhaal word die eerste werksdag daarna.

d) Kontant betalings per maand : R 31 500 per leerder per jaar:

- **R 3 000** per maand vanaf Februarie 2024 tot November 2024 (10 maande).
  (R 1 500 reeds betaal teen 7 Januarie 2024).
- Betalings is maandeliks vooruitbetaalbaar voor die sewende (7de) van elke maand.
- Betaling deur middel van 'n direkte bankdeposito, internet of EFT, moet die leerder se **skoolfondsrekeningnommer (begin met die eerste letter van die leerder se van en kan aangevra word by info@hstygerberg.co.za)** gevolg deur die woord "skoolfonds" aandui by verwysing op die betaling. (sien bankbesonderhede onder punt 7)

Aangehegte Aanhangsel A moet deur ALLE ouer(s) voltooi word, ongeag of hulle vir vrystelling aansoek gaan doen al dan nie en saam met die leerder terug gestuur word skool toe en by die leerder se registeronderwyser of ontvangs ingedien word.

2. AANSOEK OM VRYSTELLING

- Aansoek om volle of gedeeltelike vrystelling van die betaling van skoolfonds kan gedoen word deur die indien van die amptelike vrystellingsaansoekvorm van beide biologiese ouers (waar van toepassing), wat op aanvraag by die skool beskikbaar is. **Elke vrystellingsaansoek moet per hand, deur 'n ouer, by die skoolfondskantoor ingehandig word en bespreek word**. 'n Aansoek om vrystelling kan nie net by die skool afgegee word nie en kan nie per e-pos of faks gestuur word nie.
- Vrystellingsaansoeke **moet** voor die einde van die eerste kwartaal ingehandig wees (omsendbrief 0020/2019). Slegs waar 'n ouer(s) se finansiele omstandighede na die eerste kwartaal verander het sal laat vrystellingsaansoeke oorweeg word.
- Die vrystelling van die betaling van skoolgelde word terugwerkend bereken vanaf datum waarop die ouer vir vrystelling kwalifiseer in 2024 **slegs** indien dit in die eerste skool kwartaal ingedien is.
- **LET WEL :** Skoolfonds is betaalbaar tot en met die datum waarop vrystelling toegestaan word. Waarna die aangepaste skoolfondsbedrag betaalbaar is indien van toepassing. Indien 'n krediet op die skoolfondsrekening ontstaan agv vrystellingsuitslag, in die eerste kwartaal, sal dit terug betaal word.
- Afskrifte van die aansoek om vrystelling moet deur die aansoeker gehou word, aangesien die skool geen afskrifte kan maak nie.
- Vrystelling word bereken vir die volle skooljaar waarin aansoek gedoen word.
- Vrystellingsuitslag moet binne 30 werksdae vanaf ontvangs van vrystelling deur die beheerliggaam geneem word. Binne sewe (7) werksdae vanaf hierdie besluit geneem is moet ouers in kennis gestel word.
- **Indien volle vrystelling toegestaan word, sal ouers versoek word om indien moontlik steeds R1 500 per jaar (R150 per maand) by te dra.**

3. AGTERSTALLIGE REKENINGE

Ouers, ongeag hul huwelikstatus is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir skoolgeld (familiereg), en as skoolgelde dus uitstaande bly kan beide partye oorhandig word vir die invordering van die skoolgelde en so danig geswartlys word. Irrelevant egskeidingsskikkings, wat uiteraard geen buitepartye bind nie.

Vanaf Maart elke jaar sal slegs uitstaande skoolfondsrekeninge uitgestuur word. Indien u nie 'n skoolfondsrekening ontvang nie kan u ter enige tyd 'n skoolfondsrekening aanvra by skoolfonds@hstygerberg.co.za/info@hstygerberg.co.za

- Ouers sal maandeliks via e-pos en sms ingelig word van die uitstaande skoolfonds. Dus is dit beide biologiese ouers (waar van toepassing) se verantwoordelikheid om te sorg dat hul kontakbesonderhede te alle tye korrek is op die skool se databasis. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir skoolfondsrekeninge wat oorhandig word a.g.v. foutiewe kontakbesonderhede nie.
- Dit is die ouer wat die skoolfondsrekening ontvang se plig om die ander ouer in te lig van die skoolfondsrekening (dit sluit geskeide ouers in). Dit is nie die skool se verantwoordelikheid nie.
- Waar die skool geen reaksie op uitstaande skoolfondsrekeninge kry nie mag 'n skoolfondsrekening vir die betrokke leerder gegee word om aan ouers te gee.

- ’n Rekening en aanmaning word uitgestuur indien skoolfonds nie by die 7de van elke maand betaal is nie en uitstaande is. Koste vir die uitstuur van ’n geregistreerde aanmaning sal van die ouer(s) verhaal word, deur die koste op die betrokke skoolfondsrekening te plaas.
- Rekeninge wat 90 dae agterstallig is, sal vir invordering aan die skool se prokureurs oorhandig word.

LET WEL: Wanneer ’n skoolfondsrekening agterstallig is en oorhandig word aan die prokureurs, is die volle jaar se uitstaande skoolfonds onmiddellik opeisbaar en betaalbaar. Beide ouers sal gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik gehou word vir betaling van die volle uitstaande skoolfonds vir die jaar sowel as vir alle regskoste van die invorderingsproses op ’n prokureur-en- kliënt-skaal, rente en invorderingskommissie. Na oorhandiging moet alle betalings aan die prokureurs gemaak word en nie aan die skool nie. **Wanneer ‘n skoolfondsrekening aan die prokureurs oorhandig word vir invordering kan daar nie meer aansoek gedoen word vir moontlike vrystelling van skoolfonds nie.**

- Die Finansiële komitee se taak is onder andere om te verseker dat alle ouers hulle wetlike verpligtinge rakende die betaling van skoolfonds getrou nakom en daar sal streng opgetree word teen sodanige ouers wat hulle skuldig maak aan die wan- of nie-betaling van skoolfonds.

4. MERIETETOEKENNINGS

- As 'n leerder kwalifiseer vir 'n merietetoekenning, word hierdie bedrag van die jaarlikse skoolfondsbedrag afgetrek om die aangepaste skoolfondsbedrag vir die jaar te bepaal wat dan maandeliks betaalbaar is.
- Indien ‘n leerder kwalifiseer vir ’n toekenning sal u teen die einde van die 1ste kwartaal 2024 in kennis gestel word. Indien u geen kennis ontvang nie, is die volle skoolfonds soos uiteengesit vir die jaar, betaalbaar.

5. REËLINGS RAKENDE SKOOLFONDS

- Indien u as ouers wil afwyk van die betaling van skoolfonds op ’n maandelikse basis kan dit slegs gedoen word deur ’n skriftelike versoek van die ouers aan die skoolfondsafdeling en hierdie versoek moet deur die finansiëlekomitee goedgekeur word.
- Enige reëlings en versoeke ten opsigte van die betaling van skoolfonds vir die jaar is slegs geldig vir die jaar waarin dit gemaak is. Geen reëlings word oorgedra van een jaar na die volgende jaar nie.
- ‘n Versoek om ’n reëling kan slegs gemaak word per brief of e-pos (skoolfonds@hstygerberg.co.za). Dit bly die ouer se verantwoordelikheid om seker te maak dat die skool wel die reëling ontvang het.
- **Geen telefoniese reëlings sal aanvaar word nie.**
- Geskeide ouers moet self reël wie verantwoordelik is vir betaling van skoolfonds. Die skool tref nie sodanige reëlings nie.
- Waar ouers nie saam woon nie, bly dit die verantwoordelikheid van die ouer wat hierdie brief ontvang en die skoolfondsrekening ontvang, om die ander ouer in te lig.
- Indien die skoolfonds agterstallig is, sal beide ouers aanspreeklik gehou word.

- Skoolfonds is deurlopend deur die jaar betaalbaar en ongelukkig kan ’n reëling vir betaling in Desember nie getref word nie, ook nie om te betaal met bonusse in Desember nie.
- Geen reëlings vir die afbetaling van 2024 se skoolfonds sal aanvaar word vir datums na **30 November 2024** nie.

6. ADDISIONELE VAKGELDE BETAALBAAR

- Leerders wat kuns by die Kunssentrum neem, moet die Kunssentrum, en nie die skool nie, betaal.
- Leerders wat Dramastudies neem, moet vakgelde direk aan die betrokke onderwyser betaal.

7. INTERNETBETALING / DIREKTE BANKDEPOSITO

Bankbesonderhede vir Internetbetaling en Direkte Deposito:

Naam van rekeninghouer:	Hoërskool Tygerberg
Bank:	ABSA
Tipe Rekening:	Tjek
Bankrekeningnommer:	390 390 122
Banktakkode:	632005
Verwysing:	**Leerder se skoolfondsrekeningnommer** gevolg deur ‘skoolfonds ‘

Bewys van betaling moet gee-pos word na skoolfonds@hstygerberg.co.za

Die leerder se skoolfondsrekeningnommer verskyn op die skoolfondsrekening en u kan ook die skoolfondsafdeling skakel of e-pos om die skoolfondsrekeningnommer te verkry.
Skoolfondsbetalings kan per EFT, direkte bankdeposito’s, kontantbetaling by die skool of kaartbetaling by die skool gedoen word.
Navrae in verband met skoolfonds moet skriftelik geskied per e-pos aan:
skoolfonds@hstygerberg.co.za **of** info@hstygerberg.co.za

Groot dank aan ouers wat getrou hul finansiële verpligting teenoor die skool nakom. Dit maak dit moontlik om diens van uitnemendheid te lewer.

Mnr HN Van Der Colff
Voorsitter: Beheerliggaam



Mev EG Nel
Waarnemende Skoolhoof

AANHANGSEL A

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, 84 VAN 1996
REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING OF VERMINDERING VAN SKOOLFONDS

Voltooi asseblief die volgende volledig en merk die toepaslike blokkie met 'n X
(Alle ouers moet hierdie vorm voltooi ongeag of u wil aansoek doen of nie)

1.	Het die skoolhoof/skool u ingelig aangaande die bedrag wat jaarliks betaalbaar is vir skoolfonds? (**sien aangehegte skoolfondsbrief) (skoolfondsbrief ook beskikbaar by die skool)**	JA	NEE
2.	Het die skoolhoof/skool u ingelig dat u verantwoordelik is vir die betaling van skoolfonds tensy daar volle vrystelling aan u verleen is? (**sien aangehegte skoolfondsbrief**)	JA	NEE
3.	Het die skoolhoof/skool u ingelig dat u geregtig is om aansoek te doen vir vrystelling of vermindering van skoolfonds? (**vervat in aangehegte skoolfondsbrief**)	JA	NEE
4.	Wil u aansoek doen vir vrystelling of vermindering van Skoolfonds? **(slegs voor die einde van die eerste kwartaal)**	JA	NEE
5.	Het u hulp nodig om aansoek te doen vir vrystelling? (**maak afspraak by Mev Paulsen**)	JA	NEE
6.	Het die skoolhoof/skool u voorsien van 'n aansoekvorm? (**Aansoekvorm vir vermindering/vrystelling van skoolfonds kan afgehaal word by die skoolfondskantoor vanaf 17 Januarie 2024 of per e-pos aangevra word vanaf 17 Januarie 2024 vir 2024)**	JA	NEE

VAN EN VOORNAAM VAN OUER: _____

VAN EN VOORNAAM VAN LEERDER(S): _____GR._____ (graad in 2024)

: _____GR._____

_____ _____
Handtekening van ouer/voog Kontaknommer van ouer/voog

Geteken by _____op hierdie _____dag van _____ 20____

<u>Die voltooide vorm moet voor of op 31 Januarie 2024 aan die skool terugbesorg word.</u>